

**Skriflesing:** Psalm 17Teks: **Psalm 17:8****Sing: VOORAF SANG- Sb. 5-3 (8): 1,4,5****TYDENS EREDIENS – Ps. 36:2,3; Ps. 38:1,17; Ps. 128:4; Ps. 131:1,2; Ps. 91:1,2****Psalm 17****Psa 17:1** 'n Gebed van Dawid. Luister tog, Here, na my regverdige saak, let op my hulpgeroep. Hoor tog die gebed wat ek in alle opregtheid bid.**Psa 17:2** U sal uitspraak lewer in my guns: u oë sien immers self wat reg is.**Psa 17:3** As U my sou toets, my selfs in my slaap sou ondersoek, my deeglik sou keur, sou U niks verkeerds vind nie.**Psa 17:4** Oor die doen en late van mense het ek niks verkeerds gesê nie: ek het my aan u bevel gehou.**Psa 17:5** Elke stap van my was vas op die koers wat U aangewys het. My voete het nie daarvan afgewyk nie.**Psa 17:6** Ek roep U aan, want U sal my antwoord, my God! Luister tog na my en hoor wat ek sê.**Psa 17:7** Toon u wonderlike trou, U wat almal help wat vir hulle vyande by U skuil.**Psa 17:8** **Beskerm my soos die appel van u oog, steek my weg in die skaduwee van u vleuels****Psa 17:9** vir die goddeloses wat my wil oorweldig, die doodsvyande wat my omsingel.**Psa 17:10** Sonder enige meegevoel, met monde wat aanmatigende dinge sê, omsingel hulle my**Psa 17:11** waar ek ook gaan. Hulle soek my ondergang.**Psa 17:12** Hulle is soos leeus, oorgehaal om te verskeur, soos jong leeus wat iets voorlê.**Psa 17:13** Kom tog, Here, staan hulle voor, dwing hulle op die knieë. Red my met u swaard uit die mag van die goddeloses,**Psa 17:14** met u eie hand, Here, van hierdie mense. Laat hulle ontydig omkom, sny hulle lewens af; laat hulle hulle vol eet aan die onheil wat U vir hulle gereed hou; laat daar oorgenoeg wees vir hulle kinders en laat daar nog oorbly vir die kindskinders.**Psa 17:15** Maar wat my betref, omdat die reg aan my kant is, sal ek weer voor U staan. As ek wakker word, sal ek my verbly in u teenwoordigheid.**Skriflesing:** Psalm 17Teks: **Psalm 17:8****Sing: VOORAF SANG- Sb. 5-3 (8): 1,4,5****TYDENS EREDIENS – Ps. 36:2,3; Ps. 38:1,17; Ps. 128:4; Ps. 131:1,2; Ps. 91:1,2**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, by die doop van 'n kindjie vandag dan is die gedagte van kosbaarheid en die gedagte van kwesbaarheid ook oor ons kinders geskrywe. Hulle is vir ons kosbaar maar die besef dat in hierdie lewe van nou is hulle ook baie kwesbaar net so 'n werklikheid. Daar is nie 'n dag in ons lewe wat ons nie ook baie kwesbaar is nie. So maklik gebeur dinge, so vinnig kan ons en ons kinders baie seerkry.

\*\*\*

In Psalm 17 is Dawid as digter van hierdie Psalm ook in omstandighede wat vir hom nie maklik is nie. Dawid word vals beskuldig van iets waarin hy nie skuldig was nie. Dis 'n worsteling wat hy moet deurgaen. Hy worstel in die nag hiermee. Dit beteken nie dat Dawid dink hy is volmaak en sondeloos nie. Intendeel hoe baie sonde was daar nie ook in sy lewe nie. Tog in die geval toe hy Psalm 17 geskrywe het, wil hy hom op God beroep. Die Here moet vir hom intree. Ja, vra hy eintlik die Here dat Hy vir hom 'n advokaat sal wees en sy onskuld bewys. Sy troos is dit wat vers 2 baie duidelik maak. Die Here moet oordeel, wie is reg en wie is verkeerd. Die Here se oë sien immers alles wat reg is. Van twee kante sien hy

die reg. Hy glo hy is met 'n regverdige saak besig, vers 1, maar die Here se oë sal ook raaksien dit wat van sy kant reg is.

Dis wonderlik dat Dawid met soveel vertrouwe sý saak voor die Here mag stel. Hy gaan nog verder. Dis asof hier 'n heilige ondervraging en 'n heilige ingryping mag wees. HY stel hom beskikbaar vir God se ondervraging. Die Here kan sy hart toets, die Here kan hom selfs in die nag ondersoek. As daar 'n keuring/ingryping moet wees dan sal die Here hierin niks vind wat hom skuldig maak nie. Nie sy dade nie, ook nie sy woorde nie.

Hoe duidelik stel hy dit in vers 4 en 5 - *4 Oor die doen en late van mense het ek niks verkeerd gesê nie: ek het my aan u bevel gehou. 5 Elke stap van my was vas op die koers wat U aangewys het. My voete het nie daarvan afgewyk nie. Die 2020 vertaling stel dit- 5 My voete het u paaie nougeset gevolg; my voetstappe het nie gewankel nie.*

\*\*\*

As ons onself in die gemoed van Dawid by hierdie Psalm voeg dan besef ons hy het hom baie kwesbaar gevoel. Hy word beskuldig en seergemaak in wat hy regtig glo en weet hy is hierin onskuldig. Ja, het ons aan die begin gesê ons as mense is elke dag so kwesbaar!

So opmerklik dat Dawid in die tye wat hy so kwesbaar gevoel het, hy nie alleen sy integriteit voor God duidelik maak nie, maar juis dat God moet ingryp. In vers 6 stel hy dit duidelik dat God hom sal verhoor en dat God hom sal antwoord. Die woord wat hier in Hebreeus staan vir as God jou *hoor* beteken tegelyk dat God jou ook sal antwoord. Hoe mooi stel Dawid dit dat God sy gesig na hom toe sal draai, dat God se oë op hom gerig sal wees, ja dat God sy ore vir hom sal oopmaak. Dat God werklik na hom sal luister. Dit alles ingesluit in die uitdrukking van ... *Neig u oor tot my, luister na my woord!* Of soos die 2020 vertaling dit dalk nog meer letterlik stel- *draai u oor na my, luister na my woorde.*

\*\*\*

Broeder en suster, ons kom agter Dawid wil in sy nood eintlik al nader en nader aan God beweeg. Hy wil in dit wat hy as 'n baie persoonlik aanval teen hom beleef juis God se nabyheid vooropstel. Hy vra dat God hom voortdurend sal beskerm. En dan gebruik Dawid hierdie twee aangrypende beelde wat by vandag se doop ook besondere toepassing kan vind. Hy vra die Here in besonder om hom te beskerm soos die appel van sy oog.

Hoekom nou juis hierdie beeld? Ons kan aanvaar Dawid het in baie Psalms ook geweet dié dinge wat Moses beleef en beskrywe het. In Deut. 32 vers 10 lees ons al van hierdie besondere beskerming as daar staan - *10 Hy (die HERE) het sy volk in die woestyn gevind, in 'n onbewoonbare land waar woestyndiere skreeu. Die Here het sy volk omhels, hom vertroetel en versorg soos die appel van sy oog.* Dawid maak die Moses-beeld net nog meer persoonlik, dat God hom wat Dawid is, sal beskerm – *Beskerm my soos die appel van u oog ...* Hierdie uitdrukking *appel van die oog* het ook die vertalings moontlik dat ek sal beskerm word soos die *dogter van die oog*.

\*\*\*

En 'n verdere bewys dat as Dawid Psalm 17 skrywe hy wel met Deut. 32 in sy agterkop besig mag wees, want lees ons ook in Deut. 32 in direkte opvolging van as God se volk as die appel van sy oog, of die dogter van sy oog beskerm mag word (vers 10), dan lees ons in Deut. 32:11-12 ... *11 Soos 'n arend wat sy kleintjies uit die nes uitskop, oor hulle fladder en hulle vang op sy vlerke wat hy oopsprei, soos 'n arend wat sy kuikens op sy vlerke dra, 12 so het die Here, net Hy alleen, sy volk gelei; daar was nie 'n ander god by Hom nie.*

Hoe aangrypend sluit Psalm 17 dan juis by Deut. 32 aan as Dawid in Psalm 17 ook van God vra dat God hom in die skaduwee van sy vlerke, in die skaduwee van sy vleuels sal wegsteek. Die eerste wat Dawid vra dat God hom sal beskerm soos die appel van sy oog, wat ons by die doop ook vandag mag vra dat God vir Le-ri ook só sal beskerm.

\*\*\*

Waarom die oogappel. Hoekom vra hy nie eerder die Here dat die Here hom sal beskerm soos wat ons breine beskerm word nie. Ons breine is darem binne 'n skedel geleë, ja het ons 'n sterk kopbeen om ons breine te beskerm. Of dalk kon hy eerder die Here gevra het, beskerm my soos u hart. Ons harte is darem in ons borskasse weggesteek, so word ons harte beskerm.

Tog verwys hy spesifiek na die appel van sy oog. Die oog en nog meer spesifiek die oogappel is sonder pantser, so oop en bloot. Hoe maklik kan iets in ons oog inskiet. As hout gekap word of 'n gogga vlieg daarin of selfs as daar klippe gebreek word, kan stukkie wegspat en my oog tref. Die oog is kwesbaar en so is ons ook kwesbaar. Die oog is in baie opsigte so weerloos en onbeskermd.

Tog is die oog baie uniek ontwerp, so word dit ook wonderlik bewaar. Dit is wel in 'n oogkas met bene daar rondom gevestig. Daar is 'n wangbeen, neusbene, oogbanke wat vorme van beskerming bied. Net so wonderlik dat die oog die vermoë het om in 'n breukdeeltjie van 'n sekonde te knip as gevaar skielik dreig. Dink ook daaraan as lig te skerp is wat in jou oog skyn dan het jou pupil (daardie middelste swart kolletjie) van die oog die vermoë om kleiner te word, om minder skerp lig in te laat om op die wyse ook die oog te beskerm.

Daar gebeur nog méér dinge rondom ons oë! Die trane van die oog is die vog waarin dit beweeg om jou oog skoon te was. Dit is 'n ontsmettende vog, dit was ons oë voortdurend van vuilheid skoon. Op die doop toegepas is die trane en die water met mekaar een. Die water by die doop is ook simbool van afwassing, reiniging. Ja so seker as wat water die vuilheid van my liggaam kan afwas, of dan spesifiek so seker soos trane die vuilheid in my oog kan uitwas, net so seker kan ek wees dat Christus se bloed ook vir Le-ri, ja ons almal wat in Christus gedoopt is, het die belofte dat ons in sy bloed van ons sonde skoongewas is.

\*\*\*

Soos ons almal, so sal dit met Le-ri ook wees, ons lewe nie in staal vertrekke nie, ons kan nie ons kop elke dag in 'n harnas sit nie. Nee ons lewe elke dag oop en bloot, iets van ons oë wat oop is, blootgestel is ... te midde van baie gevare, ons oë moet baie dinge trotseer, ja ook gevaarlike dinge wat ons moet deur en ook moet deurkyk.

\*\*\*

Daarom is die beeld van die voël wat sy vlerke oor sy kleintjie spreid ook net so 'n aangrypende beeld. Ook Psalm 36 vers 7, Psalm 57 vers 2, Psalm 63 vers 8, Psalm 91 vers 4 is almal Psalms wat te make het met hoe daar by God geskuil kan word. Hoe ons onder die vleuels van God kan skuil. Hoe mooi stel Psalm 63 dit ook - *U is vir my 'n hulp, en dan juig ek oor die beskerming onder u vleuels*. Of dan ook Psalm 91- die 2020 Vertaling- *4 Met sy vlerke sal Hy jou bedek, onder sy vleuels sal jy skuiling vind. 'n Skild en 'n skans is sy trou*.

Spesifiek word in Psalm 17 nie van 'n arend of dalk van die groter voëls met 'n baie wye vlerkspan gepraat nie, maar het ons hier 'n heel moederlike beeld. Die hen of die kiewiet wat op delikate wyse hulle vlerke rondom hulle kleintjies kan toevou. Ja, dit is asof Dawid by Moses wil aansluit maar dit dan ook nog weer meer persoonlik maak. Die wyfie wat so moedig haar kleintjies kan beskerm en sal sy nie terugdeins vir 'n vyand baie groter as sy nie. Dis moederlik dit wat God as ons Vader ons wil laat sien. Die doop is pa en ma wat hulle kindjie doop maar daar lê tog 'n besonder moederlike kant wat ons in die doop nie mag

miskyk nie. So is Psalm 131 ook 'n besonder moederlike Psalm as ons lees van die kind wat by sy moeder tevredenheid vind. Ons het dit ook reeds besing.

Moederlik wil God as ons Vader wel sy kinders beskerm. Hoe het Jesus dit duidelik gemaak. Die aangrypend profetiese woord wat Jesus oor Jerusalem uitgespreek het pas so duidelik in die konteks van vandag se Psalm. Hoor wat die Here oor 'n stad sê wat na Hom nie wil luister nie- Mattheus 23:37-38 ... 37 *“Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie! 38 Kyk, nou word julle stad as puinhoop aan julle oorgelaat.*

Die ware beskerming wat Psalm 17 besing is wat Christus aan Jerusalem wou bied. Die mense van Jerusalem het hulleself hierdie beskerming ontsê. Hoe tragies! Die mense van hierdie stad, mense van Israel self, hulle ken nie hulle eie nie, al wou Hy wat alles weet ook sy vlerke oor hierdie stad spreid... *maar julle wou nie.* Hulle het die verskriklike oordeel en straf wat Jerusalem dan wel later getref het, oor hulleself gehaal. In 70nC het die verskriklikste van dinge Jerusalem getref en sou hulle die woorde van Christus nie kon vergeet nie ... *Kyk, nou word julle stad as puinhoop aan julle oorgelaat.*

Mag ons by hierdie doop vandag opnuut besef, dit wat Psalm 17 ons bied wil jou moederlik naby die Here bring. Eintlik het die Psalm 'n pragtige opbou in wat die moederlike beskerming net nog mooier en dieper uitlig. Die Psalm het begin om God te vra dat God sal **LUISTER**. *Kyk, nou word julle stad as puinhoop aan julle oorgelaat.* Die eerste ses verse staan die luister-aspek baie sterk. Daar kan na God geroep word, Hy sal luister. God sal ook altyd na ons **LUISTER**, watter troos. As Dawid op sy regverdigheid aanspraak maak, dan kan ons vandag ook in Christus vir God vra, luister na ons. Ons doop is teken van om in Christus geregverdig te wees.

As ons vv 7-11 uitlig waar juis ons teksverse ook geleë is, dan kan ek weet God **LUISTER** nie alleen na ons nie, maar God **ANTWOORD** ons. Hy antwoord ons in die beskerming wat Hy bied. Daardie vlerke wat oor jou gespreid word, die vraag dat God my sal bewaar soos sy oogappel het alles te make met hoë God jou **LUISTERRYK** wil antwoord. Hy wil ons beskerm. God se kinders is vir Hom baie kosbaar, ja so kosbaar soos jou oogappel vir jou is, so kosbaar is hierdie kindjie in God se oë, sy wat vandag gedoopt kon word. God wat sy

vlerke ook oor haar wil sprei. God wat luister, God wat antwoord, maar eindig Psalm 17 dat Dawid nog meer van die Here kan vra. Hy vra God dat God sy vyande sal VOOR STAAN. Hulle moet hulle as't ware teen God vasloop. Ja, as ons Psalm 16 en Psalm 17 vergelyk dan staan in Psalm 16 dat die gelowige ontvang 'n erfporisie. Die gelowige het 'n pragtige erfenis om na uit te sien, as ons die verbond in ons harte uitleef. Hoe wonderlik as 'n dopeling dit raaksien en dit ook so kan sê- 'n Lieflike deel is vir my uitgemeet ... my erfenis is vir my mooi!

Psalm 17 werk ook met die gedagte van 'n erfporisie. Tog is die erfporisie nie mooi nie. Dawid vra die Here as Hy wat die Here is sy vyande voor staan dat die goddelose sal ontvang dit wat hulle verdien. Dat hulle erfporisie sal wees, God se oordele. Kyk weer mooi na vers 14 ... *Laat hulle ontydig omkom, sny hulle lewens af; laat hulle hulle vol eet aan die onheil wat U vir hulle gereed hou ...* Hulle erfporisie moet wees die onheil wat hulle oor hulleself gebring het. Dawid vra die Here dat ook die nageslagte van die goddeloses in hulle straf mag deel. Dat die Here ook vir die nageslagte die straf sal opgaan en uitdeel.

Die genade wat ons ook vandag ontvang is dat ons nie by vers 14 hoef te eindig nie, maar dat ons wel by vers 15 mag afsluit. *15 Maar wat my betref, omdat die reg aan my kant is, sal ek weer voor U staan. As ek wakker word, sal ek my verbly in u teenwoordigheid.* Die 2020 Vert vertaal die laaste deel – *ek sal van u verskyning versadig wees ...* Of die 1933' 53 Vert stel dat *ek sal versadig word met u beeld as ek wakker word.* Om met God se beeld versadig te mag wees, watter wonderlike troos. Hoe wonderlik dat die volle beeld in Christus gesien kan word en met sy werk en met wat Hy ons bied, dit waarmee Hy ons versadig is vandag hierdie kindjie gedoop. Sy wat ook kan wees God se oogappel, onder sy vleuels mag sy skuil, mag sy met God se beeld in die jare van groei en opgroei al meer versadig word, al meer met die heilige Woord en heilige dinge gevoed word. Om versadig te word moes daar voeding wees, tot op ons sterfdag.

AMEN